



education

Department:  
Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

75

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN – 2008**

<b>SENTRUMNOMMER:</b>									
-----------------------	--	--	--	--	--	--	--	--	--

<b>KANDIDAAT SE EKSAMENNOMMER:</b>														
----------------------------------------	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

**AARDRYKSKUNDE V2**

**STANDAARDGRAAD**

**MEI/JUNIE 2008**

**PUNTE: 75**

**TYD: 1½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye, 1 topografiese kaart en 1 ortofotokaart.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Die vrae in hierdie vraestel is gebaseer op die 1:50 000 SA topografiese kaart 3319CB Worcester en die 1:10 000 SA ortofotokaart 3319CB15, wat 'n gedeelte van die gekarteerde gebied is.
3. Skryf jou eksamennommer sowel as die sentrumnummer in die spasies wat op die VOORBLAD van hierdie vraestel voorsien is, neer.
4. Beantwoord AL die vrae OP hierdie vraestel.
5. Gebruik die LAASTE bladsy van hierdie vraestel vir ALLE rofwerk.
6. Sommige vrae kan slegs beantwoord word indien die topografiese kaart en die ortofotokaart saam bestudeer word.
7. Na voltooiing van hierdie vraestel, moet die vraestel, sowel as die topografiese kaart en die ortofotokaart, aan die toesighouer terugbesorg word. Die kaarte word die eiendom van die skool.
8. 'n Woordelys van sommige Afrikaanse en Engelse woorde en hul vertalings verskyn op die volgende bladsy.

### WOORDELYS


#### Afrikaans

Begraafplaas  
Uitgrawings  
Gholfbaan  
Hospitaal  
Rioolwerke  
Skougronde  
Skietbaan

#### English

Cemetery  
Diggings  
Golf course  
Hospital  
Sewerage works  
Show grounds  
Rifle range

### LIGGING VAN WORCESTER IN SUID-AFRIKA



**AFDELING A****VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

**Verwys na die 1:50 000 topografiese kaart 3319CB en die 1:10 000 ortofotokaart 3319CB15 is van Worcester (aangeheg) om die volgende vrae te beantwoord.**

Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae/stellings gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1 – 1.10) in die blokkie wat aan die regterkant van die bladsy voorsien is, neer.

1.1 Die hoek wat gevorm word tussen ware noord en magnetiese noord word na verwys as die ...

- A gradiënt.
- B magnetiese deklinasie.
- C vertikale vergroting.
- D topografiese peiling.

1.2 Die kontoer-interval op die ortofotokaart is ... meter.

- A 20
- B 5
- C 50
- D 60

1.3 Die tipe skaal wat op die ortofotokaart getoon word, is 'n ... -skaal.

- A woord
- B lyn
- C Richter
- D verhouding

1.4 Die kenmerk by J (ruit A6) op die topografiese kaart is 'n ... kenmerk.

- A kulturele
- B fisiese
- C klimaats-
- D vulkaniese

1.5 Die tipe boerdery by K op die ortofotokaart is ... boerdery.

- A bestaans-
- B nomadiese
- C vee-
- D kommersiële

- 1.6 Die nommer 33 in die kaartverwysingsnommer 3319CB Worcester verwys na ...
- A lengtegraad.
  - B kontoerlyne.
  - C breedtegraad.
  - D isobare.
- 
- 1.7 Die ontspanningskenmerk by die ruitverwysing  $33^{\circ} 39' 20''$  S en  $19^{\circ} 27' 30''$  O is ...
- A 'n gholfbaan.
  - B Florian Park.
  - C Esselen Park.
  - D Johnson Park.
- 
- 1.8. Die mensgemaakte kenmerk in ruit B/C9 op die topografiese kaart is 'n ...
- A meer.
  - B dam.
  - C reservoir.
  - D rioolverwerkingsaanleg.
- 
- 1.9. Watter tipe ekonomiese aktiwiteit kom by M op die ortofotokaart voor?
- A Primêr
  - B Sekondêr
  - C Tersêr
  - D Kwaternêr
- 
- 1.10 Indien 'n mens in 'n suidoostelike rigting ry op die pad gemerk N op die ortofotokaart, sal die volgende dorp ... wees.
- A De Doorns
  - B Worcester
  - C Robertson
  - D Caledon
- 

**TOTAAL AFDELING A: (10 x 2) 20**

**AFDELING B****VRAAG 2: KAARTWERKTEGNIEKE EN BEREKENINGS**

- 2.1 Bereken die gemiddelde gradiënt vanaf punthoogte •212 (ruit E12) na trigonometriese stasie 207 (ruit C8). Toon AL die berekeninge. Gebruik die formule:

$$\frac{VA}{HE} \quad \text{ÓF} \quad \frac{\text{Styging}}{\text{Afstand}} \quad \text{ÓF} \quad \frac{\text{Hoogte}}{\text{Afstand}}$$

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

(5)

- 2.2 Bereken die magnetiese deklinasie vir die jaar 2007. Toon AL die berekeninge.

Verskil in jare:

---

---

---

Gemiddelde jaarlikse verandering:

---

---

MD vir 2007:

---

---

---

---

(5)

- 2.3 Bereken die oppervlakte in vierkante kilometer ( $\text{km}^2$ ) van ruit G8 op die topografiese kaart. Gebruik die formule:

Oppervlakte = Lengte x Breedte (Lengte 3,7 cm; Breedte 3 cm)

Lengte: \_\_\_\_\_

Breedte: \_\_\_\_\_

Oppervlakte: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

(5)

**TOTAAL AFDELING B: 15**

### AFDELING C

#### VRAAG 3: RELIËF EN DREINERING

- 3.1 Identifiseer die volgende fisiese kenmerke op die topografiese kaart:

P (ruit E7): \_\_\_\_\_

Q (ruit D5): \_\_\_\_\_

(2 x 2)

(4)

- 3.2 Gee TWEE fisiese faktore wat die ligging van die Brandvleidam bevoordeel.

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

(2 x 2)

(4)

- 3.3 In watter algemene rigting vloei die Breërivier? Gee EEN rede vir jou antwoord.  
Antwoord: \_\_\_\_\_ (1 x 2) (2)  
Rede: \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (1 x 2) (2)
- 3.4 Identifiseer die dreineringspatroon in ruit H7.  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (1 x 2) (2)
- 3.5 Stel EEN fisiese faktor voor wat die uitbreiding van Worcester in 'n noordwaartse rigting beperk.  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (1 x 1) (1)
- TOTAAL AFDELING C: 15**

**AFDELING D****VRAAG 4: NEDERSETTINGS EN EKONOMIESE AKTIWITEITE**

- 4.1 Die woongebied Van Riebeeckpark, S op die ortofotokaart, is 'n hoë-inkomste-woongebied. Gee TWEE redes om hierdie stelling te staaf.  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (2 x 2) (4)

- 4.2. 4.2.1 Identifiseer die stedelike funksionele sone op die grens van Worcester, waar die rioolwerke (ruit D/E10) geleë is.
- 
- (1 x 2) (2)
- 4.2.2 Gee EEN rede waarom dit hier geleë is.
- 
- 
- (1 x 2) (2)
- 4.3 Identifiseer die grondgebruik by K en M op die ortofotokaart. Kies jou antwoord uit die lys hieronder.
- bewerkte landerye; boorde en wingerde; hospitale; skole
- K = \_\_\_\_\_
- (1 x 2) (2)
- M = \_\_\_\_\_
- (1 x 2) (2)
- 4.4 Die nywerheidsgebied van Worcester (ruit C10) het 'n ideale (baie goeie) ligging. Gee en verduidelik TWEE faktore wat die ligging beïnvloed.
- 
- 
- 
- 
- (2 x 2) (4)
- 4.5 Identifiseer die tipe straatpatroon wat in die SSK van Worcester voorkom.
- 
- (1 x 1) (1)
- 4.6 Omgewingsbeskadiging het by C12 op die topografiese kaart plaasgevind. Noem die tipe primêre aktiwiteit wat vir hierdie skade verantwoordelik is.
- 
- (1 x 2) (2)

- 4.7 Vrugteboerdery is 'n belangrike ekonomiese aktiwiteit in Worcester. Noem en verduidelik enige DRIE faktore wat hierdie tipe aktiwiteit in hierdie gebied bevoordeel het.

---

---

---

---

---

---

---

(3 x 2) (6)

**TOTAAL AFDELING D: 25**

**GROOTTOTAAL: 75**